

23 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 51  
Fokusgedeelte: DL, 3/4:2

**Verdorwe mense bring verdorwe kinders voort!**

Wanneer 'n mens kinders het, dan kom jy gou agter jy hoef hulle nie te leer om met mekaar te baklei nie, of om iets te vat wat nie aan hulle behoort nie, of om ongehoorsaam te wees nie, of om te jok nie. Hulle kan dit alles vanself doen! As ouer moet 'n mens hulle leer om in vrede met mekaar te lewe, om nie iets te vat wat nie aan hulle behoort nie, om gehoorsaam te wees en om die waarheid te praat. Dit is 'n duidelike bewys daarvan dat ons in sonde ontvang en gebore word.

Dawid bely dit al in Psalm 51: "Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaaï toe my moeder swanger geword het." (Vgl vers 7.) Dit geld elke mens wat ooit gebore is, behalwe Jesus Christus, wat nie deel het aan die erfsonde nie en wat geen sonde gedoen het nie.

'n Verdorwe mens bring dus verdorwe kinders voort. 'n Slegte boom dra tog slegte vrugte. Vroeër het die Pelagiane gesê die verdorwenheid van die mens ontstaan deur navolging, dit wil sê, kinders sien hoe hulle ouers sonde doen en volg hulle na. Die Bybel en ons belydenis sê "nee", dit lê veel dieper. Ons word so gebore, ouers dra hulle verdorwe natuur aan hulle kinders oor en hulle word met 'n verdorwe natuur gebore.

Daarom moet ons ons kinders van jongs af leer dat hulle met 'n sondige natuur gebore word, maar dat daar vir ons hoop is: Jesus het vir ons sonde en ons sondigheid versoening gedoen en Hy maak ons nuut deur sy Gees! Daarom moet ons ook 'n voorbeeld stel van mense wat veg teen hulle sondige natuur deur onder leiding van die Heilige Gees die Here te dien en sy Woord te gehoorsaam.

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~